# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 51** **Nr 02** **25 Januarie 2026**


## "Gaan dan en maak dissipels van alle nasies..."

Tydens die afgelope sinode het ek al opgemerk dat daar 'n groeiende bekommernis is oor die voortbestaan van ons kerkverband. Dalende getalle van lidmate én kerke is 'n realiteit. Die oorsake kan natuurlik veelvuldig wees, maar dit wil tog ook voorkom of die Doppers van die GKSA nie baie missionêr gefokus is nie, en die kerk dus nie baie groie deur nuwe gelowiges wat hulle uit die heidendom by die kerk voeg nie.

Calvyn het destyds al gesê dat 'n kerk wat nie sendingwerk doen nie, 'n dooie kerk is! Kyk ons na die kerkverband in die algemeen dan is ons nie so baie ingestel op dissipelskap of evangelisasiewerk soos dit moet nie. Dit voorspel niks goeds vir die toekoms nie.

GK Centurion word tans demografies deel van 'n gebied waar woonstelle soos paddastoele verrys en die invloei van mense wat uit alle nasies kom, kom woon hier by ons voordeur! Hier is 'n gulde geleentheid om aan die Groot Opdrag van Jesus gehoorsaam te wees.

Die kerkraad het gevolglik laasjaar besluit dat die Evangelisasie Kommissie meer moeite moet doen om die gemeente op te wek en te motiveer en toe te rus vir hierdie evangeliseringstaak. Gevolglik begin die Bybelskool eerskomende Dinsdagaand om 19:00 met bogenoemde tema.

Sprekers soos Prof Henk Stoker en Naas Ferreira en dr Brian DeVries sal ons tema oor die volgende paar weke lei.

Kom gerus en woon die Bybelskool van Centurion by vir jou persoonlike geestelike groei en vir ons gehoorsaamheid aan die hoë roeping van Christus, ons Here en ons Verlosser. (Kyk die advertensie in die Blaadjie.)

Sien jou daar.

Ds Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Nagmaal **Volgende week**: Les 1, Ps 118-1:7

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas. *(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 25-Jan | C03 | Wim Prinsloo | Jan Erasmus | Casper Swanepoel | Eric Guldemond | Hannie vd Bergh | Charl vd Bergh |
| 01-Feb | C04 | Theo Westervelt | Pieter vd Dussen | Cilliers vd Merwe | Louise v Niekerk | Adrian v Niekerk | Gert Reinecke |

## KOLLEKTES

| Vandag: **Jan Kriel Instituut** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Biblos** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25-Jan | Gert | Boshoff | B14 | 0832826560 |
| | Cimel | du Toit | C10 | 0827287312 |
| | Bennie | v Nieuwenhuizen | C08 | 0764029885 |
| 27-Jan | Annelie | Louw | C10 | 0796910128 |
| | Hermien | Prinsloo | C13 | 0832855464 |
| | Philip | Vorster | A17 | 0834175655 |
| 28-Jan | Thinus | de Klerk | A04 | 0834414301 |
| | Lindie | de Souza | A11 | 0797329729 |
| | Lize | Johl | A02 | 0810130185 |
| | Dirk | Klöckner | E01 | 0822163768 |
| 29-Jan | Luan | Potgieter | B01 | 0713724137 |
| 30-Jan | Tewis | Groenewald | C10 | 0824126173 |
| | Willie | Jordaan | C09 | 0726355172 |
| | Driekus | Pieters | C07 | 0828798423 |
| | Dries | Roos | B09 | 0825721492 |
| | Anna-Marie | v Staden | A15 | 0829407111 |
| 31-Jan | Frans | Brand | C08 | 0767414193 |
| | Martelie | Burger | A12 | 0737223587 |
| | Jan | Nel | C11 | 0823795935 |
| | Mieke | vd Heever | C03 | 0817938279 |

## Doopledmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25-Jan | Dewald | Beumer | A03 | 0834418095 |
| | Michiel | Bezuidenhout | B03 | 0835655789 |
| 26-Jan | Leané | Human | C03 | 0820967678 |
| 28-Jan | Klara | Jooste | A04 | 0720429738 |
| 29-Jan | Resegofetse | Masie | E01 | 0730994955 |
| 30-Jan | Jaydon | Rousseau | B12 | 0849523386 |
| 31-Jan | Kara | Holtzhausen | C05 | 0834128969 |
| | Matthys | Louw | C10 | 0796910128 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Saartjie Viljoen sterk nog aan in Unitas hospitaal (A6 - 083 778 7870).
- Johan Kruger het behandeling vir kanker ontvang (C3 - 082 461 7405).
- Charmaine Coetzee ondergaan komende week 'n prosedure (C13 – 083 400 2724).
- Marie vd Walt sterk aan na 'n rugoperasie (A7 - 082 721 9813).
- Louis Kruger sterk aan na 'n prosedure (A7 – 082 826 2752).
- Riëtha Maritz het 'n draai in die hospitaal gemaak (A18 - 072 118 3258).

***Meelewing*** word betuig met:

- Elna de Bruin, familie en vriende na die afsterwe en begrafnis van Fanie.
- Johan en Dorothy Kruger en familie na die afsterwe van Dorothy se skoonsuster.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Nagmaal

*Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word vandag tydens al drie ons eredienste bedien.*

## VAKATURE VIR ORRELIS

Gereformeerde Kerk Waterkloofrand nooi persone uit (wat aan die vereistes voldoen) om aansoek te doen vir die pos van orrelis wat vanaf 1 Maart 2026 vakant sal wees.

‘n Aansoekvorm en inligting oor die posinhoud kan verkry word deur Nienke vd Walt te kontak by admin@ gkwaterk.co.za of 012 460 6925.

Aansoeke sluit op 5 Februarie 2026.

## Geestelike Opbou

**1 Februarie 2026**

na die aanddiens


Kom ontmoet Cameron Nyamuda, Evangelis wat onlangs gaan werk het in Libanon

Almal welkom!

**Almanak 2026**

**Beskikbaar by die kerkkantoor @ R135**

**Bring asb. die bewys van betaling/die korrekte kleingeld**





## PA-SEUN EN PA-DOGTER JAGNAWEEK

26-28 Junie

Gee jou naam op vanoggend onder die olyfboom indien jy wil saamgaan

Navrae Werni Grünenfelder 071 491 0797
Hennie vd Walt 082 927 4326



**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Klavierlesse** - Ek bied privaat klavierlesse vir tuisskoolleerders in die gemak van hul eie huis aan. Lesse slegs in die oggende en in die Centurion-area. Kontak Lize Johl 081 013 0185.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**25 Jan**

Cecilia Coetzee (A01) Oudl Charl vd Bergh
Tarina Human (A02)

**1 Feb**

Magda vd Schyff (A3) Oudl Hennie Jooste
Christine Strydom (A4) Oudl Leon Lourens

---



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het.**

**Dankie.**

---

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin

**3 Feb om 18:00** in die konsistorie

Bevestig asb met:

ds Lourens 082 529 2330/

Kerkkantoor 012 664 2614

**Gereformeerde Kerk Pta-Magalieskruin nooi jou uit na ...**

## Sustersaamtrek 2026

*Leef bedagsaam voor God*

Saterdag, 7 Maart 2026 om 8:30
Joycelaan 150, Magalieskruin

R220 PER PERSOON

RSVP by Riekie Prinsloo
082 586 9167
magaliessusters@gmail.com

Diakonie hou Sondag 25 Jan 'n spesiale kollekte tydens die erediens vir Jan Kriel Instituut

# Bybelskool 2026 – Gaan maak Dissipels!!

## Inleiding tot Skrifgefundeerde Evangelisering

**Rom 10:14 – 15 Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?**

**Daar staan ook geskrywe: *"Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring."***

- **Onthou jy nog die Groot Opdrag?**
- **Wil jy 'n visserman van mense wees?**
- **[illegible] art vir verlore mense?**
- **[illegible] kerk meer uitreik na hulle wat Jesus nog nie ken nie?**



**Dan is hierdie Bybelskool vir jou!**

**Dinsdae Aande vanaf**

Dinsdag 27 Januarie tot 10 Maart 2026

19:00 tot 20:30 by GK Centurion

R200 per persoon

Betaalbaar in die Kerk se rekening met jou naam en "**Bybelskool**" as verwysing -

**Studente en kinders halfprys**

*Verskeie aanbieders waaronder Prof Henk Stoker, Dr Brian DeVries, Ds Jonker Venter, Ander Evangeliste gaan ons toespreek tydens die Bybelskool*

**Kontak:Hein Venter – 083 357 6141 / Christi Venter – 082 940 1555**

**Ds Maarten van Helden**

## Musiek voorspel inligting

Psalm 104 (oggend)

Die ooreenstemming tussen Psalm 103 en 104 is baie dieselfde in atmosfeer en styl. Psalm 103 dalk meer persoonlik teenoor die meer objektiewe uitkyk van Psalm 104. Hierdie Psalm volg noukeurig die skeppingsverhaal van Genesis. Diegene wat boer en van natuurlike water en sonenergie afhanklik is sal veral aanklank vind by Psalm 104.

Psalm 4 (aand)

Psalm 4, toegeskryf aan Dawid, is 'n gebed vir verlossing van vyande, waarskynlik verwant aan die Absalom-rebellie (soortgelyk aan Psalm 3), waar Dawid 'n beroep op God doen te midde van laster en verraad, vrede vind nie in omstandighede nie, maar in God se guns, en sy teenstanders en volgelinge aanspoor om geregtigheid en vertroue in die Here te soek, nie tydelike aardse voorspoed nie. Dit is 'n lied van oorgang van nagtelike benoudheid (Psalm 3) na vreedsame slaap, waar vreugde in God se teenwoordigheid gevind word eerder as wêreldse oorvloed, en word dikwels in aandgebede gebruik.

# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Onthef van die roeping as Ouderling:** Lourens de Beer, Theo Venter, Kobus Joubert.

**Ontslag** word toegestaan aan Oudl Louis Dekker.

## Attessake soos op 22 Januarie 2026

**Met attestaat aangesluit**

Wilmi Erasmus van GK Dendron (A11)

Daniël van der Walt van GK Middelburg (C14)

Joy Thobela van Grace Reformed Church Pretoria (E01)

Braam en Magdel van Tonder met 4 dooplidmate van GK Die Kandelaar (A17)

**Met attestaat vertrek**

Suné Hermann na GK Laeveld (Tzaneen) (C08)

Kobus en Christine Strydom na GK Pretoria - Brooklyn (A04)

Christoph Strydom na GK Pretoria-Brooklyn (A04)

Ruben Strydom na GK Pretoria-Brooklyn (A04)

Hanco en Franciska Buys met 1 dooplidmaat na GK Wierdapark (B11)

Hennie en Susan van Rooyen na GK Koster (B08)

Rinus en Rina Venter met 1 dooplidmaat na GK Pretoria-Meintjieskop (A16)

Rudi Venter na GK Pretoria-Meintjieskop (A16)

Ruben Venter na GK Pretoria-Meintjieskop (A16)

Leon-André Lourens na GK Kroonstad (A10)

Edmund Mc Cabe na GK Rooihuiskraal (B01)

Rina Mc Cabe na GK Rooihuiskraal (B01)

# Liturgiese Riglyne

## N A G M A A L

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Die mens na God se hart

**Skriflesing**:
Jesaja 66 (1983)

**Teksvers:**
Jes 66:1,2

**Sing:**
Ps 100:1-4
Ps 25:2
Sb 1-1:1
Sb 17-3
Ps 116: 1,2,3...
Sb 18-7:1,11,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ons kan nie na die Here toe gaan net soos ons is nie. Ons kan nie aan die nagmaal kom net soos ons wil nie. Die teks spreek ons gesindheid aan indien ons tot die Here wil nader.

As ons met ons selfondersoek ons reg voorberei en met 'n bekeerde hart kom deelneem aan sy tafel, sal ons daarvan ook nie weggaan as dieselfde mens nie.

Kom ons dien en aanbid en die God van ons verlossing volgens sý terme, sodat Hy in alles verheerlik word...

*'want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge!'*

## S O N D A G A A N D 18:00

## God beloof om deur Christus die gebroke verhouding tussen Hom en die mens te herstel

**Skriflesing**:
Genesis15
(2020)

**Teksvers**:
Genesis15:17

**Sing:**
Ps 105:1,4,5
Ps 23:3
Ps 118:7,11,12,13
Ps 84:5,6
Sb 13-3

Prediker: Student Markus Venter

God het aan Abram beloof dat hy ‘n die beloofde land sal beërwe, ‘n groot nageslag sal kry en dat deur hierdie nageslag sal God die nasies seën. Alhoewel Abram God glo sukkel hy om te verstaan hoe hierdie gaan gebeur aangesien hy op sy ou-ouderdom nog nie eers ‘n enkele kind het nie...

In vers 17 en 18 sien ons hoe God ‘n belofte maak en ‘n verbond met Abram sluit – hierdie dinge sal waar word! Wat is die betekenis agter hierdie visioen van Abram en hoe sal God dan hierdie belofte en verbond in vervulling bring...?

Worstel ek en jy nie ook soveel kere met hierdie twyfeling aan God se beloftes nie...? Ons glo in God en vertrou op Hom maar sukkel om te in te sien hoe Hy ten spyte van hierdie omstandighede van my getrou gaan bly aan Sy beloftes...